LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

GODSDIENSBELEID

Woordomskrywings

'Godsdiens' – verwys na die omvattende en fundamentele oriëntasies in die wêreld, met bepaalde verwysing na heilige, spirituele en nie sekulêre oortuigings; vereis toewyding; sluit georganiseerde vorme van geloof en sekere wêreldbeskouinge in, en word ook kollektief gebruik om na daardie organisasies te verwys wat opgerig is ten einde hierdie oortuigings te beskerm en te bevorder.

'Godsdiensteonderrig' – verwys na 'n **kurrikulêre program** met duidelike en ouderdomsverwante opvoedkundige doelwitte wat vir die onderrig en leer van godsdiens, godsdienste en godsdienstige diversiteit in Suid-Afrika en die wêreld deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word. Die studie van godsdiens moet ten doel hê om herkenbare opvoedkundige doelwitte te bereik wat in ooreenstemming is met die doelwitte en uitkomste van ander leerareas, en programme in Godsdiensteonderrig moet, soos ander leerareas in die kurrikulum, tot die ontwikkeling van grondliggende waarnemings-, luister-, lees-, skryf- en denkvaardighede bydra.

'Godsdiensonderrig' – verwys na 'n program met inligting oor 'n bepaalde godsdiens wat ten doel het om navolging van daardie bepaalde godsdiens te bevorder. Die Beheerliggaam beskou die huisgesin en geloofsgemeenskap as die hoofvoorsieners van godsdiensonderrig. Die skool is 'n opvoedkundige instelling, en godsdiensonderrig maak dus nie deel uit van die formele skoolprogram nie. Die skool sal wél sy geriewe vir sodanige programme beskikbaar stel, met dien verstande dat godsdiensonderrig nie met die formele opvoedkundige doelwitte van die skool inmeng nie.

'Godsdiensbeoefening' – dui op daardie aktiwiteite of optrede wat aan die waardes van 'n bepaalde geloof of oortuiging uiting gee, en sluit onder andere bidure, Skriflesing, kleredrag en diëte in. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet kan godsdiensbeoefening op die volgende maniere geskied:

- Vrywillige, openbare geleenthede waar die skool se geriewe vir die doel van godsdiensbeoefening gebruik word;
- Vrywillige geleenthede (in skooltyd) deur die skoolgemeenskap (leerders en opvoeders);
- Vrywillige geleenthede in gewone of ander pouses by die skool.

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw het 'n spesifieke verantwoordelikheid binne die gemeenskap waarin hy diensbaar is ten opsigte van die godsdiensbehoeftes van Laerskool Anton van Wouw se leerders.

Die Beheerliggaam ondersteun onomwonde Christelike onderwys en staan vir Christelike waardes en -norme. Die Woord van God word as riglyn geneem om Christelike waardes en norme by die leerders in te skerp.

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw erken die diversiteit van alle gelowe in Suid-Afrika en elke leerder se reg op godsdiensvryheid. Geen leerder sal gedwing word om enige godsdiensaktiwiteit by te woon nie.

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw verbind ons graag tot die volgende:

- om toe te sien dat die godsdienstige behoeftes van ons leerders en die gemeenskap waarin ons dien, weerspieël word in Laerskool Anton van Wouw;
- om toe te sien dat leerders en hulle ouers se vryheid van keuse gerespekteer sal word, asook dat niemand se grondwetlike regte benadeel sal word nie;
- om toe te sien dat onderrig aan Laerskool Anton van Wouw sal plaasvind binne die Christelike waardesisteem;
- om toe te sien dat daar voldoende geleentheid by die skool gebied sal word om hierdie beleid prakties uit te voer.

Geen opvoeder sal verplig word om godsdiensteonderrig te gee indien hy/sy ’n gewetensbeswaar teen die inhoud van die kurrikulum het nie. Sodanige beswaar moet skriftelik aan die skoolhoof oorgedra word. Die Beheerliggaam kán oorweeg om ’n persoon/persone aan te stel wat nié ’n probleem sal hê om die bepaalde program aan te bied nie.

Opvoeders en leerders sal die bepaalde godsdiensbeoefening vrywillig kan bywoon. Die skool sal opvoeders of leerders geensins verplig om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem waarteen hulle ’n gewetensbeswaar het nie. Alternatiewe reëlings sal getref word vir toesig oor die leerders wat nié die godsdiensbeoefening wil bywoon nie. Leerders moet die skool van ’n brief voorsien waarin hul ouers die gewetensbeswaar bevestig.

Godsdiensteonderrig sal ooreenkomstig die Nasionale Beleid oor Godsdiens en Opvoeding geskied. Dié onderrig maak deel uit van die leerarea Lewensoriëntering. Sodanige onderrig sal vanuit die skool se oogpunt geskied, soos wat sy missie en visie dit bepaal.

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw verbind ons daartoe om daadwerklik toe te sien dat ons Leerders, Ouers, die Bestuurskorps asook die Onderwyserskorps hierdie beleid sal eerbiedig